

**13 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 18 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 18:4b**

**God word geëer deur seksuele verhoudings wat die huwelik eerbaar hou**

Een van die gebiede waarop die mens se ontaarding na die sondeval die duidelikste geteken word, is die seksuele. In Genesis lees ons dat God die mens geskape het as 'n seksuele wese. Dit beteken onder andere dat die seksuele goed en mooi is mits dit geskied soos deur God bedoel – in die huwelik tussen een man en een vrou. Dit is ook iets wat deur ouers aan hulle kinders geleer moet word! Seks is geen “sies!” nie. Die boek Hooglied handel immers in geheel oor die seksuele liefde tussen man en vrou. Die ontaarding van die seksuele was baie duidelik sigbaar by die Kanaäniete tussen wie die Israeliete in die Beloofde Land sou woon. En in hierdie gedeelte waarsku die Here hulle nou om nie te deel in hierdie praktyke nie. Hy verbied dinge soos bloedskande, bestialiteit, homoseksualiteit en buite-egtelike verhoudings. Vir ons, as Nuwe-Testamentiese gelowiges, geld hierdie beginsels nog net so seker as vir die ou Israeliete. Ons huwelike is immers 'n afskaduwing van ons verhouding met Jesus Christus, die Bruidegom van die kerk. Hy bring 'n nuwe perspektief in ons huwelikslewe en ons beleving van ons seksualiteit. In 'n wêreld wat vandag nie veel anders lyk as die een waarin Levitikus geskryf is nie, is dit werklik nodig dat ons as gelowiges 'n heilige respek sal vertoon vir die huwelik as instelling van God en nie inval by die wêreldse praktyke nie. Ons moet trots wees om anders te wees!

*Sing: Psalm 128:1,2*

*Dr AJ Krüger (Barberton)*